basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN/
NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

GEOGRAFIE V1

MEI/JUNIE 2026

PUNTE: 150

TYD: 3 uur

Hierdie vraestel bestaan uit 20 bladsye.

Kopiereg voorbehou

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit TWEE afdelings.

   AFDELING A
   VRAAG 1: KLIMAAT EN WEER (60)
   VRAAG 2: GEOMORFOLOGIE (60)

   AFDELING B
   VRAAG 3: GEOGRAFIESE VAARDIGHEDE EN TEGNIEKE (30)

2. Beantwoord AL DRIE vrae.

3. ALLE diagramme is by die vraestel ingesluit.

4. Laat 'n reël oop tussen die onderafdelings van vrae wat jy beantwoord.

5. Begin ELKE vraag boaan 'n NUWE bladsy.

6. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

7. MOENIE in die kantlyne van die ANTWOORDEBOEK skryf NIE.

8. Teken volledig benoemde diagramme wanneer dit vereis word.

9. Antwoord in VOLSINNE, behalwe waar jy moet noem, identifiseer of 'n lys moet maak.

10. Die maateenhede MOET in jou finale antwoord aangedui word, bv. 1020 hPa, 14 °C en 45 m.

11. Jy mag 'n nieprogrammeerbare sakrekenaar gebruik.

12. Jy mag 'n vergrootglas gebruik.

13. Skryf netjies en leesbaar.

SPESIFIEKE INSTRUKSIES EN INLIGTING VIR AFDELING B

14. 'n 1 **:** 50 000 topografiese kaart 3127BD ELLIOT (KHOWA) en 'n 1 **:** 10 000 ortofotokaart 3127BD 8 ELLIOT (KHOWA) word voorsien.

15. Die gebied wat met ROOI/SWART op die topografiese kaart afgebaken is, stel die gebied voor wat deur die ortofotokaart gedek word.

16. Toon ALLE berekeninge. Punte sal vir stappe in berekeninge toegeken word.

17. Jy moet die topografiese kaart en die ortofotokaart aan die einde van hierdie eksamensessie by die toesighouer inlewer.

AFDELING A: KLIMAAT EN WEER EN GEOMORFOLOGIE


VRAAG 1: KLIMAAT EN WEER

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommers (1.1.1 tot 1.1.8) in die ANTWOORDEBOEK neer, bv. 1.1.9 D.

1.1.1 Op 'n sinoptiese weerkaart dui isobare wat naby mekaar is op ...

A ligte/sagte winde.
B sterk winde.
C ligte reën.
D wolklose toestande.

1.1.2 Die laagdruksel wat aan die ooskus geleë is in die skets hieronder, is 'n ... laagdruk.




[Bron: Eksaminator se eie skets]

A termiese
B tropiese
C kus-
D middelbreedte-

1.1.3 Weer wat oor die algemeen met 'n laagdrukstelsel oor die binneland van Suid-Afrika geassosieer word:

A Wolklose toestande en matige winde
B Droë en warm toestande
C Bewolkte toestande met 'n moontlikheid van neerslag
D Sterk antisikloniese vloei en koue toestande

Verwys na die skets hieronder om VRAAG 1.1.4 tot 1.1.6 te beantwoord.



[Bron: Eksaminator se eie skets]

1.1.4 Die weer by Kaapstad (CT) kan beskryf word as ...

A 8/8-wolkbedekking met 'n windspoed van 10 knope.
B bewolkte toestande met 'n windspoed van 30 knope.
C sneeu met 'n windspoed van 30 knope.
D reën met 'n windspoed van 20 knope.


1.1.5 Die oorsaak van die weerstoestande by Kaapstad kan wees as gevolg van ...-toestande.

A kouefront
B warmfront
C frontalereën
D konveksiereën

1.1.6 'n Meteoroloog sal die klein verskil tussen lug- en doupunttemperatuur as ... interpreteer.

A lae humiditeitsvlakke
B 'n moontlikheid van sneeu
C 'n groot moontlikheid van reën
D 'n aankomende kouefront

Verwys na die skets hieronder, wat die posisie van die inversielaag aandui, om VRAAG 1.1.7 en 1.1.8 te beantwoord.



[Bron: Eksaminator se eie skets]

1.1.7 Die seisoen wat in die skets voorgestel word, is ...


A herfs.
B somer.
C lente.
D winter.

1.1.8 Die inversielaag vorm as gevolg van ...

(i) lae temperature oor die land.
(ii) 'n swak Kalahari-hoogdrukstelsel.
(iii) hoë temperature oor die land.
(iv) 'n dominante Kalahari-hoogdrukstelsel.

A (i) en (iii)
B (i) en (iv)
C (ii) en (iv)
D (ii) en (iii) (8 x 1) (8)

1.2 Verwys na die sketskaart hieronder en voltooi die stellings in KOLOM A met die opsies in KOLOM B. Skryf slegs **Y** of **Z** langs die vraagnommers (1.2.1 tot 1.2.7) in die ANTWOORDEBOEK neer, bv. 1.2.8 Y.




[Bron: Eksaminator se eie skets]

	KOLOM A		KOLOM B
1.2.1	Front **A** oor die binneland van Suid-Afrika word 'n ... genoem.	**Y** **Z**	vogfront kouefront
1.2.2	Front **A** sal tot die vorming van ... donderstorms aanleiding gee.	**Y** **Z**	frontale lyn-
1.2.3	Die ... hoogdruksel bring meer vog na die land.	**Y** **Z**	Suid-Atlantiese Suid-Indiese
1.2.4	Donderstorms ontstaan aan die ... van front **A**.	**Y** **Z**	ooste weste
1.2.5	Die simbool op die sinoptiese weerkaart wat die weer by **B** verteenwoordig	**Y** **Z**	 
1.2.6	Die tipe wolke wat by **B** sal voorkom	**Y** **Z**	cumulus cumulonimbus
1.2.7	Die wolke by **B** ontwikkel as gevolg van die ... van warm lug.	**Y** **Z**	ondersnyding oorbeweging

(7 x 1) (7)

1.3 Verwys na die sinoptiese weerkaart hieronder wat 'n middelbreedtesikloon toon.



[Aangepas uit Suid-Afrikaanse Weerdiens, 9 Mei 2025]

1.3.1 Noem die globale windstelsel wat veroorsaak dat die kouefront Suid-Afrika vanaf die weste nader. (1 x 1) (1)

1.3.2 Watter bewys dui daarop dat die middelbreedtesikloon in die volwasse stadium is? (1 x 2) (2)

1.3.3 Hoekom sal die warm front waarskynlik nie die Wes-Kaap beïnvloed nie? (1 x 2) (2)

1.3.4 Gee bewyse vanaf die sinoptiese weerkaart dat sterk, verwoestende winde die Wes-Kaap sal tref as gevolg van die naderende kouefront. (1 x 2) (2)

1.3.5 Verklaar die verwagte veranderinge in temperatuur en neerslag wat die Wes-Kaap tydens die verbygaan van die kouefront sal ervaar. (2 x 2) (4)

1.3.6 Hoe is die frontale reënval, wat met middelbreedtesiklone geassosieer word, gedurende die winter voordelig vir boerdery in die Wes-Kaap? (2 x 2) (4)

1.4 Verwys na die uittreksel en grafiek hieronder oor Tropiese Sikloon Jude.


TROPIESE SIKLOON JUDE – MAART 2025

'n Reeks siklone het oor die afgelope drie maande as gevolg van gunstige toestande oor die Indiese Oseaan ontstaan. Tropiese Sikloon Jude het op 7 Maart 2025 vanaf 'n tropiese depressie gevorm wat oor die Indiese Oseaan geleë was.

Tropiese Sikloon Jude was op 9 Maart oor die Mosambiek-kanaal en het versterk. Dit het op 10 Maart land bereik, wat ernstige vloede na die gebied gebring het as gevolg van stormstuwings. Die stormstuwings het veroorsaak dat water langs die kuslyn opgehoop het.

Tropiese Sikloon Jude het op 11 Maart die binneland verder in bereik voordat dit gedraai het om op 12 Maart oor die Mosambiek-kanaal te verskyn. 'n Verslag van die Nasionale Instituut vir Rampbestuur het op 13 Maart verklaar dat Tropiese Sikloon Jude 100 410 mense in Mosambiek beïnvloed het.

Tropiese Sikloon Jude: Windspoed en Lugdruk vanaf 8 tot 10 Maart



SLEUTEL	14:00	23:00	08:00	14:00	23:00	05:00	11:00
	8-Mar	8-Mar	9-Mar	9-Mar	9-Mar	10-Mar	10-Mar
Lugdruk	1000	996	989	983	976	986	991
Windspoed	55	75	100	120	150	130	110

[Aangepas uit https://modis.gsfc.nasa.gov/gallery/individual.php?db_date=2025-03-14]

1.4.1 Volgens die uittreksel, oor watter oseaan het Tropiese Sikloon Jude ontstaan? (1 x 1) (1)

1.4.2 Noem 'n weerstoestand wat verantwoordelik is vir die groot aantal tropiese siklone wat oor hierdie oseaan ontstaan het. (1 x 2) (2)


1.4.3 Verwys na die grafiek. Watter bewys dui daarop dat Tropiese Sikloon Jude om 23:00 op 9 Maart in die volwasse stadium was? (1 x 2) (2)

1.4.4 Verduidelik hoekom stormstuwings oor die algemeen met tropiese siklone geassosieer word. (1 x 2) (2)

1.4.5 In 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls, verklaar die vernietigende fisiese (natuurlike) impak wat stormstuwings op kusgebiede het. (4 x 2) (8)

1.5 Verwys na die infografika hieronder oor stedelike hitte-eilande.

A: STEDELIKE HITTE-EILAND



[Aangepas uit https://www.google.com/url?sa=i&url=https%3A%2F%2Fwww.savemyexams.com%]

B: BREINKAART WAT DIE INVLOED VAN STEDELIKE HITTE-EILANDE TOON



UITTREKSEL

Die vermindering van groen ruimtes (gebiede wat met plantegroei bedek is) in stedelike gebiede is 'n wydverspreide faktor wat tot die negatiewe invloed van stedelike hitte-eilande bydra. Arm stedelike gemeenskappe sal makliker onder hitte-stres ly. Daar is 'n behoefte om kwesbare bevolkings te identifiseer om geskikte oplossings te implementeer. Standaardwerksprosedures wat die beplanning van die effektiewe regulering van stedelike hitte en volhoubare stedelike uitbreiding bevorder, is noodsaaklik. Verder kan volhoubare stedelike strategieë die doeltreffende groei van digte ontwikkelings toelaat, terwyl die bewaring en instandhouding van natuurlike ekosisteme behou word.

[Aangepas uit https://link.springer.com]

1.5.1 Definieer die konsep *stedelike hitte-eiland.* (1 x 2) (2)

Verwys na **A**.

1.5.2 Noem die temperatuur by **X**. (1 x 1) (1)

1.5.3 Gee TWEE redes vir die temperatuur wat by **X** aangeteken is. (2 x 2) (4)

Verwys na breinkaart **B** wat die invloed van stedelike hitte-eilande toon.

1.5.4 Noem TWEE fisiese (natuurlike) impakte van stedelike hitte-eilande. (2 x 1) (2)


Verwys na die uittreksel.

1.5.5 Verduidelik hoe volhoubare stedelike strategieë geïmplementeer kan word om die invloed van stedelike hitte-eilande te verminder. (3 x 2) (6)

[60]

VRAAG 2: GEOMORFOLOGIE

2.1 Voltooi die stellings in KOLOM A met die opsies in KOLOM B wat op tipes riviere en hulle vloei-eienskappe gebaseer is. Skryf slegs **Y** of **Z** langs die vraagnommers (2.1.1 tot 2.1.7) in die ANTWOORDEBOEK, bv. 2.1.8 Y.

KOLOM A		KOLOM B	
2.1.1	'n Permanente rivier wat deur 'n dor gebied in die benedeloop vloei	**Y** **Z**	eksoties episodies
2.1.2	'n Tipe rivier wat algemeen in die binneland van Suid-Afrika gevind word	**Y** **Z**	permanent periodies
2.1.3	Die watertafel is altyd bo die vlak van die rivierbed	**Y** **Z**	permanent episodies
2.1.4	Verteenwoordig 'n periodiese rivier: **SLEUTEL** **Natseisoen-watertafel** —— **Droëseisoen-watertafel** -----	**Y**  **Z** 	

Verwys na die foto's hieronder om VRAAG 2.1.5 tot 2.1.7 te beantwoord.

A



B






[Bron: https://www.google.com/search?q=laminar+and+non+turbulent+rivers]

2.1.5	Rivier **B** toon ... vloei van water.	**Y** **Z**	laminêre turbulente
2.1.6	Die spoed van rivier **A** is ... as rivier **B**.	**Y** **Z**	laer hoër
2.1.7	Hierdie rivier dra 'n hoër stroomvrag.	**Y** **Z**	A B

(7 x 1) (7)

2.2 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae, wat op dreineerpatrone gebaseer is, gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommers (2.2.1 tot 2.2.8) in die ANTWOORDEBOEK neer, bv. 2.2.9 D.

Verwys na die sketse hieronder van dreineerpatrone om VRAAG 2.2.1 tot 2.2.6 te beantwoord.

DENDRITIES	**REGHOEKIG**
	
TRALIE	**SENTRIPETALE**
	

[Bron: ChatGPT-gegenereerde skets]

2.2.1 'n Sentripetale dreineerpatroon ontwikkel wanneer strome ...

A uitwaarts vanaf 'n sentrale punt vloei.
B met 'n regte hoek by die hoofstroom aansluit.
C na die sentrale punt vloei.
D parallel aan mekaar vloei.

2.2.2 Die dreineerpatroon wat deur 'n steil gradiënt beïnvloed word, is ...

A sentripetaal.
B dendrities.
C tralie.
D reghoekig.

2.2.3 Die sytakke van 'n dendritiese dreineerpatroon sluit by die hoofstroom teen 'n ... hoek aan.

A 90º-
B skerp-
C loodregte
D 180º-

2.2.4 Die onderliggende gesteentestruktuur van 'n dendritiese dreineerpatroon is ...

A 'n ongelyke gesteentestruktuur.
B 'n koepelgesteentestruktuur.
C verskillend in die weerstand van gesteentelae.
D 'n eenvormige gesteentestruktuur.

2.2.5 'n Reghoekige dreineerpatroon is die resultaat van ...

A verskuiwings.
B lawastroom.
C spoelafsetting.
D terugwaartse erosie.

2.2.6 Sytakke sluit gewoonlik by die hoofstroom teen 90º in 'n ... en ... dreineerpatroon aan.

(i) radiale
(ii) tralie-
(iii) reghoekige
(iv) dendritiese

A (i) en (ii)
B (i) en (iv)
C (ii) en (iii)
D (iii) en (iv)

2.2.7 Die totale lengte van strome per eenheidsoppervlakte in 'n dreineerbekken verwys na ...

A dreineerpatrone.
B dreineerdigtheid.
C dreineerafloop.
D opvangsgebied.


2.2.8 Faktore wat die totale lengte van strome per eenheidsoppervlakte verhoog, is ... en ...

(i) geleidelike helling
(ii) hoë afloop
(iii) digte plantegroei
(iv) lae infiltrasie

A (i) en (ii)
B (i) en (iii)
C (ii) en (iv)
D (ii) en (iii)

(8 x 1) (8)

2.3 Verwys na die skets hieronder wat 'n vloedvlakte en natuurlike levées toon.



[Aangepas uit ChatGPT-gegenereerde diagram]

2.3.1 Vloedvlaktes en levées ontstaan as gevolg van (erosie/afsetting). (1 x 1) (1)

2.3.2 Watter voordele het vloedvlaktes as 'n natuurlike habitat? (2 x 1) (2)


2.3.3 Bespreek redes hoekom oorstroming in gebied **A** voorgekom het. (2 x 2) (4)

2.3.4 Teken 'n volledig benoemde dwarssnit van **B** tot **B**. Punte sal vir die volgende toegeken word:

(a) Dwarssnit
(b) Levée
(c) Vloedvlakte
(d) Rivier (4 x 1) (4)

2.3.5 Verduidelik die vorming van levées en hoe dit oorstromings in gebied **B** beperk het. (2 x 2) (4)

2.4 Verwys na die sketse hieronder oor rivierverjonging.



[Bron: https://www.google.com/search?+rejuvenation]

2.4.1 Wat is *rivierverjonging*? (1 x 2) (2)

2.4.2 Noem die fluviale landvorm/verskynsel **B** wat ná rivierverjonging gevorm het. (1 x 1) (1)

2.4.3 Verduidelik hoe rivierverjonging landvorm **A** na landvorm **B** verander het. (2 x 2) (4)


2.4.4 In 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls, verduidelik hoe rivierverjonging 'n negatiewe invloed op boerdery langs die rivier sal hê. (4 x 2) (8)


2.5 Verwys na die infografika hieronder oor opvangs en rivierbestuur.

BESOEDELING IN DIE VAALRIVIER NÁ DIE 2025-OORSTROMINGS

Ná die oorstromings het besoedeling in die Vaalrivier baie toegeneem. Die Vaalrivier is 'n belangrike waterbron vir die digte bevolking van Gauteng en omliggende gebiede. Dit verskaf water aan ongeveer 19 miljoen mense. Die toename in besoedeling hou 'n ernstige bedreiging in vir die gesondheid en veiligheid van diegene wat van die rivier vir drinkwater en landbou- en nywerheidsgebruik afhanklik is.

Besoedelingstatistieke oor die Vaalrivier ná die 2025-oorstromings





[Bron: https://mg.co.za/article/2022-05-06-sewage-still-flowing-into-the-vaal-river-destroys-homes-live/]

Verwys na die uittreksel.

2.5.1 (a) Hoeveel mense maak op die Vaalrivier staat vir hulle water-verskaffing? (1 x 1) (1)

(b) Noem EEN manier waarop mense op die Vaalrivier staatmaak. (1 x 1) (1)

2.5.2 Verwys na die besoedelingstatistieke om te bepaal wat die hoofrede vir besoedeling in die Vaalrivier was ná die 2025-oorstromings. (1 x 1) (1)

2.5.3 Gebruik bewyse in die foto om te verduidelik wat die oorsaak van die besoedeling in die Vaalrivier is. (1 x 2) (2)

2.5.4 Hoekom verhoog die vlakke van besoedeling in die Vaalrivier ná tydperke van oorstroming? (1 x 2) (2)

2.5.5 Hoekom sal die besoedelde water van die Vaalrivier 'n groter impak hê op die arm gemeenskappe wat langs die rivier bly? (2 x 2) (4)

2.5.6 Stel TWEE maniere voor waarop plaaslike munisipaliteite die risiko van besoedeling wat die Vaalrivier binneloop, kan verminder. (2 x 2) (4)


[60]

TOTAAL AFDELING A: 120

AFDELING B

VRAAG 3: GEOGRAFIESE VAARDIGHEDE EN TEGNIEKE

ALGEMENE INLIGTING OOR ELLIOT (KHOWA)



Koördinate: 31°20' S; 27°51' O

Elliot, ook bekend as Khowa, is 'n dorpie in die Chris Hani-distriksmunisipaliteit in die Oos-Kaap, Suid-Afrika.

Elliot is aan die voet van die suidelike Drakensbergreeks op 'n hoogte van 1 493 meter bo seevlak geleë. Hierdie reeks word gekenmerk deur plato's wat hoog bo seespieël is, sandsteenformasies en verskeie bergpieke. Dit lok toeriste as gevolg van die staproetes.

Die gemiddelde temperatuur is 17,4 °C wat laer as die Suid-Afrikaanse gemiddelde is. Elliot ontvang jaarliks tipies 'n gemiddelde neerslag van 83,39 mm. Elliot kry somerreënval.

[Aangepas uit https://en.wikipedia.org/wiki/Elliot,_South_Africa]

Die volgende Engelse terme en hulle Afrikaanse vertalings word op die topografiese kaart getoon:

ENGLISH	**AFRIKAANS**
Aerodrome	Vliegveld
Diggings	Steengroewe
River	Rivier
Sewerage works	Rioolwerke

3.1 KAARTVAARDIGHEDE EN BEREKENINGE

3.1.1 Die ruitverwysing van punthoogte 1546 in blok **A2** op die topografiese kaart is …

A 31°17'18" S; 27°50'49" O
B 31°50'49" S; 27°17'18" O
C 27°17'23" S; 31°50'20" O
D 27°50'18" S; 31°17'49" O (1 x 1) (1)

3.1.2 Die afstand van die aanloopbaan vanaf **F** in blok **B2** tot **G** in blok **B3** op die topografiese kaart is … km.


A 220
B 200
C 2,02
D 2,00 (1 x 1) (1)

3.1.3 Bepaal die ware peiling van punthoogte 1543 in blok **D4** vanaf peilbaken 173 in blok **E2** op die topografiese kaart. (1 x 1) (1)

3.1.4 Die hoogte van indekskontoerlyn **6** in blok **E2** op die ortofotokaart is … meter.

A 1 475
B 1 480
C 1 481
D 1 482 (1 x 1) (1)

Verwys na die ruwe dwarssnit hieronder wat vanaf **7** tot **8** op die ortofotokaart geteken is.



3.1.5 Daar is geen intersigbaarheid tussen **7** en **8** op die ortofotokaart nie. Identifiseer die tipe helling wat intersigbaarheid verhoed. (1 x 1) (1)

3.1.6 Bereken die vertikale vergroting van die dwarssnit.

Gebruik die volgende gegewe inligting:

Horisontale skaal: 1 **:** 10 000

Formule: **Vertikale vergroting** = $\frac{\textbf{Vertikale skaal}}{\textbf{Horisontale skaal}}$ (4 x 1) (4)

3.1.7 Hoekom is dit nodig om die vertikale vergroting te bereken? (1 x 1) (1)

3.2 KAARTINTERPRETASIE

Verwys na verskynsel **9** in blok **D1** op die ortofotokaart.

3.2.1 Identifiseer die mensgemaakte verskynsel **9**. (1 x 1) (1)

3.2.2 Hoe dui die ligte toon (kleurskakering) van verskynsel **9** aan dat dit tydens die winter afgeneem is? (1 x 1) (1)

Verwys na die topografiese kaart en die ortofotokaart.

3.2.3 Die bewerkte land tussen **10** en **11** op die ortofotokaart is op die (noord/suid)-frontende helling geleë. (1 x 1) (1)

3.2.4 Verduidelik hoekom die bewerkte land op hierdie helling geleë is (antwoord op VRAAG 3.2.3). (1 x 2) (2)

Verwys na die topografiese kaart en die algemene inligting oor Elliot (Khowa).

3.2.5 Gee bewyse hoekom die ligging van die dorp Elliot dit meer vatbaar vir oorstromings maak. (1 x 2) (2)

Verwys na stroom **H** in blok **A1** op die topografiese kaart.

3.2.6 Gee kaartbewyse dat stroom **H** in 'n suid-oostelike rigting vloei. (1 x 2) (2)

Verwys na blok **E3** op die topografiese kaart.

3.2.7 Identifiseer die natuurlike verskynsel **J**. (1 x 1) (1)

3.2.8 Verduidelik hoe die reliëf van die area die formasie van hierdie verskynsel (antwoord op VRAAG 3.2.7) beïnvloed het. (1 x 2) (2)

3.3 GEOGRAFIESE INLIGTINGSTELSELS (GIS)

Verwys na die **R56** in blok **D4** op die topografiese kaart.

3.3.1 Die **R56** is 'n voorbeeld van 'n (lyn/poligoon)-verskynsel. (1 x 1) (1)

3.3.2 Gee 'n attribuut van die **R56**. (1 x 1) (1)

Verwys na die topografiese kaart.

3.3.3 Definieer die konsep *datalaag.* (1 x 2) (2)

3.3.4 Noem TWEE datalae sigbaar op die kaart, wat waarskynlik gebruik is om die ligging van die Thomson-dam in blokke **B4/C4** te bepaal. (2 x 1) (2)

3.3.5 Verduidelik hoe EEN van die datalae (antwoord op VRAAG 3.3.4) 'n positiewe impak op die watervolume in die Thomson-dam het. (1 x 2) (2)

TOTAAL AFDELING B: 30
GROOTTOTAAL: 150

Kopiereg voorbehou